kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Dis persoonlik…"

Skriflesing: 2 Timoteus 1:1-16 (1953)

Broodjies vir die Pad

Dien deur 'n profetiese lewe

André van Niekerk

'n "Profetiese" lewe is nie vir sissies nie. Is dit nie juis dié soort lewe wat geloofsgemeen-skappe meer betekenisvol in ons land kan maak nie?

Byna 'n derde van die Ou Testament bestaan uit profete se vertellinge. Hieruit is dit duidelik dat die lewe van 'n profeet gekenmerk word deur pynlike paradokse:

• 'n Profeet is krities oor godsdiens, maar lojaal aan God. Daarom is die kultus van destyds – wat mense se harte teenoor mekaar nie verander het nie en onreg toegelaat het – striemend veroor-deel;

• Enersyds is 'n profeet sensitief vir die pyn van die geringste in die same-lewing. Andersyds droom 'n profeet oor 'n nuwe gemeenskap waarin God se geregtigheid sal heers;

• Tussen al die godsdienstige stemme onderskei die ware profeet God se "woord". Tegelyk is die profeet ook deegliker as ander bewus van die internasionale politieke en ekonomiese magte se bewegings;

• Die fokus van die profeet se waarneming is op sy hier en nou. Maar dit geskied vanuit 'n deeglike kennis oor die goeie en die kwaad in die verlede en 'n pligsbesef vir die toekoms;

• 'n Profeet roep mense om net na God se Woord te luister. Dit gaan gepaard met simboliese dade as 'n soort versetkuns waarin die profeet self as lewende teken van die boodskap swaarkry;

• Die profeet se skerp woorde sny skuldiges soos 'n swaard, maar agter die woorde is 'n hart van bewoëndheid oor mense se omstandighede en afvalligheid; en

• Die profeet is enersyds so vol geloofsvertroue dat hy die ontmoeting met God as "die Here se woord" beskryf. Andersyds is die profeet so nederig oor sy verstaan van God en homself dat hy nie geskik voel om die profeet te wees nie. Met sulke moed én nederigheid kan ons ons land in hierdie tyd die beste dien.

http://www.beeld.com/opinie/2013-09-27-woord-onderweg-dien-deur-n-profetiese-lewe

Herinnering aan Hanover

my lief

dit reën op Hanover

en die geur van klam kakiebos
swymel deur die nag
soos die grasvars neus van sauvignon blanc

my lief

dit reën vanaand op Hanover

en as ons die druppelspoor
in die droë sand sou volg
vind ons dalk weer 'n stukkie ewigheid
in hierdie dor karoo

http://versindaba.co.za/2013/10/02/plekgedig-53-herinnering-aan-hanover

◆◆◆

De Preek van de Leek wijzigt tijdelijk haar formule. In november draaien de bijeenkomsten in Amsterdam niet om bekende Nederlanders, maar om 'losers'. Diederik Stapel beklimt als eerste de kansel.

De voormalige hoogleraar sociale psychologie vertelt op 10 november in de Singelkerk welke lering hij trekt uit zijn wetenschapsfraude.

Bij de Preek van de Leek-samenkomsten laat een bekende Nederlander telkens zijn licht schijnen over een thema dat hem aan het hart gaat. Tijdens Stapels spreekbeurt moet duidelijk worden of we bereid zijn om 'werkelijk te luisteren naar iemand die flink de fout in is gegaan'. 'Ben je als mens alleen goed genoeg als je slaagt?', vraagt de organisatie zich op haar website af. 'En hoe is het als de samenleving liever niet wil dat jij bestaat?'

Een week later preekt de Utrechtse hoogleraar letterkunde Maarten van Buuren over zijn worsteling met depressie. Schrijfster Annemarie Haverkamp sluit op 24 november af, met een verhaal over de liefde voor haar ernstige gehandicapte zoon. De andere liturgische onderdelen worden verzorgd door daklozen, vluchtelingen en verstandelijk beperkten.

Eerder al Dijsselbloem en Van der Laan

De bijeenkomsten worden mede mogelijk gemaakt door de Protestantse Kerk en de doopgsgezinde gemeente, maar sprekers hoeven geen christelijke boodschap uit te dragen. De Preek van de Leek trok sinds de start in 2008 al klinkende namen: van politici als Jeroen Dijsselbloem en Eberhard van der Laan tot cabaretiers als Jan Jaap van der Wal en Erik van Muiswinkel.

De kerk moet losers en fraudeurs niet de rug toekeren, stelt mede-organisator Inger van Nes op de website van de organisatie. 'In de christelijke traditie gaat het vaak over verliezers. Jezus zei: 'De laatsten zullen de eersten zijn.' Ieder mens maakt fouten, op een bepaald moment in ons leven zijn we allemaal wel eens een loser.'

De verliezerspreek nodigt volgens Van Nes uit 'om te luisteren voordat je gaat oordelen en ruimte te geven aan iets dat veraf lijkt te staan, maar dat zomaar dichtbij kan komen.'

http://www.trouw.nl/tr/nl/4716/Christendom/article/detail/3520052/2013/10/02/Diederik-Stapel-geeft-Preek-van-de-Loser.dhtml

Brood vir die Pad

Gedagtes na aanleiding van 'n onlangse besoek aan Noord-Ethiopië I

Dons Kritzinger

1. Die Ou Kerk

Dit is 'n oorweldigende ervaring om gekonfronteer te word met die Ethiopies Ortodokse Kerk ... 'n Kerk waarvan ons (ten minste ons hier in die suide van Afrika) te min weet!

Stel jou voor: op die stadium dat die Romeinse Ryk van Konstantyn sukkelend begin het om "christelik" te word, toe ons noord-Europese en Afrika-voorouers nog in die bosse op mekaar jag gemaak en nog niks van Christus gehoor het nie, kom die magtige koning Ezana van Axum tot bekering en word die Ethiopiese Ortodokse Kerk formeel gekonstitueer met die aanstelling van Biskop Frumentius! Dit was in die jaar 341.

En vandag, terwyl die nasate van ons voorouers in Europa in 'n al groter stroom wegbeweeg van die kerk wat die grondslag gevorm het vir die Westerse beskawing, en terwyl die kerk aldaar in talle opsigte onder groot druk verkeer, in hierdie dag bestaan daardie Kerk in Ethiopië nie alleen nog ononderbroke voort nie, maar is sy bestaan diep in die harte en mentaliteit van die mense geanker. Dit is baie duidelik dat die deursnee Ethiopiër, ten minste in die noorde van die land, hom- of haarself nie 'n bestaan sonder die Kerk kan indink nie.

Om met so 'n voor-moderne situasie gekonfronteer te word, is nogal iets. Die tradisie is tasbaar, maar nog minder onontkombaar is die fisiese teenwoordigheid van hierdie Kerk. In die museums kan 'n mens die munte van daardie selfde koning Ezana sien – die eerste ter wêreld met die kruismotief op. Die christelike kruis sien jy ook in die koninklike graftombes van daardie era. Ge'ez, die ou taal wat vandag nog net in die kerk voortleef, is een van die heel eerste tale waarin die Bybel vertaal is. Honderde jare oue geïllustreerde handskrifte van die Bybel en ander godsdienstige boeke kan in elke kerk besigtig word... en dit word gelees!

Die mees ongelooflike ervaring is egter om by Lalibela, die 11de eeuse sentrum van die Ryk, die ontsagwekkende kerke te besigtig wat as geheel uit klip gekap is. Eers is 'n grag (of sloot) in die oppervlakte van die rotskoppie uitgekap – 10 tot 20 meter diep. En as die rotsblok daar staan, is hy stelselmatig van bo na onder afgewerk tot die buitekant van 'n kerkgebou, in kruis- of basilika-vorm, kompleet met suile, simbole en (blinde) vensters en deure. Dan het die bouers by die deure begin inkap, en van onder tot bo die binnekant van die kerk uitgehol, volgens 'n plan: die naaf, die suile, die vertrekke met binnemure, die kruise en ander afwerkings aan die plafonne en teen die mure. Vensters is deurgekap. Die deure, vensters, en ander eienskappe van die verskillende kerke het alles simboliese betekenis. En daarna het die skilderye gekom... soms sommer op die klip geverf, maar meestal op katoendoeke. Hierdie kultuurskatte het alles verkondigingswaarde, want dit beeld op kenmerkende Ethiopiese wyse Bybeltonele uit, maar ook apokriewe verhale. Die engele is belangrik, en ook die talle heiliges uit die tradisie. Natuurlik het Maria 'n ereplek, maar ook die kruistonele, die verheerliking en die Drie-eenheid.

Sommige van die kerkgeboue is met tonnels en gange met mekaar verbind om komplekse te vorm. In gate en grotte rondom sommige bly daar nog asketiese monnikke; in een so 'n grot is selfs die gemummifiseerde oorblyfsels van sulke hermiete. Maar die kerkgeboue is nie maar net monumente nie, hulle word daagliks gebruik, en elke gebou het sy priester(s) wat op diens is, en wat die heilige voorwerpe en boeke vertoon. Elke kerkgebou – ook dié uit latere tye – het 'n allerheiligste wat alleen toeganklik vir die priesters is, en waarin 'n afbeelding van die ark van die verbond gehou word.

Dit is duidelik dat 'n groot deel van die energie en rykdom van die koninkryk in hierdie kerkbouprojekte gestort is. Dit moes derduisende werksdae, en baie vernuf, geverg het om hierdie (soms genoem die agste wonder van die antieke wêreld) tot stand te bring. Volgens oorlewering is dit alles binne die regeringstyd van koning Lalibela () gedoen. Dit lyk nie moontlik nie, maar, so is die antwoord, bedags het die mense gewerk, maar wanneer dit donker word, het die engele oorgeneem! Elke kerkgebou is aan 'n heilige gewy. Die interessante verhaal word vertel dat die beskermengel Georgis glo vir koning Lalibela gekonfronteer het met die feit dat hyself, wat so 'n besondere plek in die kerklewe inneem, nog nie 'n kerk aan hom gewy gekry het nie. Baie verleë het die koning belowe dat hy die mooiste aan hom sou wy... en inderdaad is die mees besondere, en bes behoue klipgekapte kerk – die St Georgis – aan hom gewy.

Vir meer as 'n anderhalf millennium was Ethiopië (vroeër Abessinië genoem) 'n corpus Christianum... kerk en staat was nie te onderskei nie. Dikwels was die koning 'n priester, en die priester 'n koning. Om Ethiopiër te wees, was om Ortodoks te wees. Eers met die val van die keiserryk in 1973, toe Haile Selassi onttroon is, het hierdie periode formeel geëindig. Maar – soos reeds gesê – dit het min verskil gemaak aan die mense. Dit is vandag nog in 'n groot mate so: die mense leef sigbaar saam met die kerk, die priesters word hoog vereer, en die kerklike feesdae is dié groot openbare feeste. By navraag word ontken dat die modernisme en sekularisme – en 'n kommunistiese bewind van amper 20 jaar – nog veel hieraan verander het.

http://teo.co.za/artikel/articles/109/1/Gedagtes-na-aanleiding-van-n-onlangse-besoek-aan-Noord-Ethiopie-I/Bladsy1.html

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877